**City Improvement District Blackheath**
committed to making a difference

**Kennisgewing van algemene jaarvergadering**

Die Blackheath City Improvement District NPC (BCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

Datum: 8 Oktober 2025
Tyd: 13:00
Plek: Home Choice, School Road, Blackheath

Net bona fide-lede van die BCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die BCIDse gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 30 September 2025 geregistreer wees.

Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende irekteur en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.

Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering 'n skriftelike beswaar indien, waarna die Raad die aansoek kan goedkeur, sou besware nie van minstens 51% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.

Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nieregerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien.

**Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.bcid.co.za. Om 'n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos admin@bcid.co.za of skakel 021 905 0929.**

83200BV-DB120925

**HERSTEL VAN 4 (VIER) SANDFILTERS TE SWARTLAND SUIWERINGSAANLEG VIR DIE PERIODE VANAF 1 JANUARIE 2026 TOT 31 DESEMBER 2028**

Tenders word hiermee aangevra vanaf tenderaars met 'n CIDB gradering van 5CE of hoër vir die herstel van 4(vier) sandfilters te Swartland suiweringsaanleg vir die periode vanaf 1 Januarie 2026 tot 31 Desember 2028

'n Verpligte Inligtingsessie sal by Swartland Suwieringswerke gehou word op Dinsdag, 23 September 2025 om 10h00.

Tegniese navrae kan gerig word na mnr M Visser by tel. no 022 495 0248.

Tenders mag slegs op die voorgeskrewe tender dokumente ingedien word en is verkrygbaar vanaf **Disdag, 16 September 2025** by die Voorsieningskanaalbestuurkantoor van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg.Tel: 022 4338400 teen 'n nie-terug betaalbare deposito van R 300-00 per dokument. Bankbesonderhede kan verkry word via e-pos: scm@wcdm.co.za.

Voltooide tenders in 'n verseëlde koevert met endossement: **"TENDER NOMMER & BESKRYWING" moet voor 12:00 op Woensdag, 15 Oktober 2025 in die tender bus van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg,** geplaas word waarna dit oopgemaak sal word.

Die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2022 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Die Raad se Beleid oor Versnelde Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en Voorkeurverkryging sal van toepassing wees. Punte sal toegeken word aan tenderaars vir die verkryging van hul BBBEE status en ligging.

Tenderaars moet 'n skrywe met pin kode, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, saam met die tenderdokument indien. Tenderaars moet ook verseker dat hulle op die Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) as 'n verskaffer geregistreer is.

Elektroniese tenders of faksimileë is nie toelaatbaar nie en tenders wat laat ontvang word of onvolledig is, sal nie in aanmerking geneem word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.

Tenders sal geld vir 'n periode van 90 dae vanaf die tender sluitingsdatum.

**Mnr DC Joubert**
**Munisipale Bestuurder**
**Weskus Distriksmunisipaliteit**
**Posbus 242**
**MOORREESBURG**
**7310**

F30VDSAD-DB120925

Kennis te stel dat hulle voor die sluitingsdatum by ondergemelde adres en kontakte beswaar kan aanteken teen en/of kommentaar kan lewer op bogenoemde aansoeke.

Aangesien gelisensieerde dobbelary 'n wettige besigheidsbedryf uitmaak, word morele besware ten gunste van of teen dobbelary nie deur die Raad oorweeg nie. 'n Beswaar wat bloot meld dat iemand teen dobbelary gekant is sonder veel stawing sal nie gunstig oorweeg word nie. U word hiermee aangemoedig om die Wet te lees en meer inligting te verkry oor die Raad se magte en die aangeleenthede op grond waarvan besware ingedien kan word. Dit word in Artikel 28, 30, 31 en 35 van die Wet uitgestippel. Lede van die publiek kan 'n afskrif van die riglyne vir besware bekom, wat 'n gids is wat die werking verduidelik van die regsraamwerk wat die indiening van besware, openbare verhore en die Raad se beoordelingsprosedures reguleer. Die riglyne vir besware is verkrygbaar op die Raad se webwerf by www.wcgrb.co.za en afskrifte kan ook op versoek beskikbaar gestel word. Die Raad sal alle kommentaar en besware oorweeg wat op of voor die sluitingsdatum tydens die beoordeling van die aansoek ingedien word. In die geval van skriftelike besware teen 'n aansoek moet die gronde waarop sodanige besware berus, verskaf word.

Waar kommentaar ten opsigte van 'n aansoek gegee word, moet volle besonderhede en feite om sodanige kommentaar te staaf, verskaf word. Die persoon wat die beswaar of kommentaar indien se naam, adres en telefoonnommer moet ook verstrek word. Kommentaar of besware moet die Raad nie later nie as **16:00** op **Vrydag, 03 Oktober 2025** bereik.

Ingevolge Regulasie 24(2) van die Nasionale Wedderyregulasies sal die Raad 'n openbare verhoor ten opsigte van 'n aansoek skeduleer **slegs indien hy skriftelike besware ontvang met betrekking tot**:

**(a) die eerlikheid of geskiktheid vir lisensiëring van enige van die persone wat met die bedrywighede van die betrokke besigheid gemoeid gaan wees, of**
**(b) die geskiktheid van die voorgenome perseel vir die uitvoering van dobbelarybedrywighede.**

Indien 'n openbare verhoor geskeduleer word, sal die datum van sodanige verhoor ongeveer 14 dae vóór die verhoordatum in hierdie publikasie geadverteer word.

**Besware of kommentaar moet gestuur word aan die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Posbus 8175, Roggebaai 8012, of ingehandig word by die Hoof- Uitvoerende Beampte, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne, Fairway-singel 24, Fairway Terrasse, Parow 7500 of e-pos na: Objections.Licensing@wcgrb.co.za**

**AMPTELIKE KENNISGEWING • AMPTELIKE KENNISGEWING**

154740 BURGER www.ayandambanga.co.za


## Het jy ongebruikte artikels wat net plek in jou huis opneem? Ons help jou graag om dit te verkoop!

# Gratis Snuffels word Vrydae geplaas!



**SMS die woord SNUFFEL, gevolg deur die artikel, kort beskrywing (kleur, grootte) en kontaknommer na 38218**

**Reëls: • Slegs artikels met 'n prys onder R3 000 • Slegs EEN artikel per SMS • Standaardkoste vir SMS'e geld – stelsel aanvaar geen gratis SMS'e nie • Onvolledige SMS'e wat nie die woord SNUFFEL en 'n telefoonnommer bevat nie, sal nie geplaas word nie**

**• Gratis Snuffels word nie per telefoon of per e-pos aanvaar nie**

**Gratis Snuffels word gepubliseer op 'n Vrydag soos en wanneer daar spasie beskikbaar is en is nie gewaarborg om in die week gepubliseer te word wat jy die SMS stuur nie.**